Aankondigings

Sondag, 10 Februarie 2019

08h30 Klassieke diens – Kusweg Kerkgebou – NAGMAAL – Ds. Melissa Ellis
09h30 Lofdiens met Familie Moment – NAGMAAL – Ds. Melissa Ellis
18H30 Kruiskultuur diens – Lofsentrum – Aanneming & Voorstelling van die 2018 Belydenisklas & NAGMAAL - Ds. Melissa Ellis

Volgende Sondag, 17 Februarie 2019

Offer: VCSV Hoërskool Strand

08h30 Klassieke diens – Kusweg Kerkgebou – Johan Botes
09h30 Lofdiens met Familie Moment – Johan Botes
18H30 Kruiskultuur diens – Lofsentrum – Johan Botes

TRI-LOGI TOERUSTING: *LEEF VOLUIT!!*

Aanbieders: Dr Jannie le Roux en Margareth Knipe

JY OF JOU OMGEEGROEP KAN ENIGE AAND INSKAKEL

Plek: Lofsentrum

11 Feb 19h00: Wen#Liefdestaal!
18 Feb 19h00: #GewoontotWOW!

NUWE KURSUS: 'n Nuwe tyd vra baie nuwe dinge, maar wat van OuErSkAp?
Hoe hanteer jy **selfoon en internet gebruik** in 'n nuwe generasie?
Hoe **beskerm** jy jou kinders teen al die **invloede** in 'n tyd waar hulle **toegang tot alles** het?
Hoe gee jy nie net vir jou kinders **goeie waardes** nie, maar ook die **vaardighede** om die waardes toe te pas en uit te leef?

Hierdie kursus begelei ouers om deur deelnemende, positiewe ouerskap 'n veilige ruimte te skep waar elkeen in die gesin die geleentheid kry om sy/haar volle potensiaal te ontwikkel. Kinders word ook geleer om self verantwoordelikheid vir hulle gedrag te neem, om keuses te maak, en so leer hulle selfstandigheid. Die einddoel is 'n plek waar almal in die gesin gelukkig en tevrede is.

Vaardighede en gereedskap wat deelnemers ontvang:

- *om die belangrikheid van kwaliteit-tyd te besef;*
- *hoe om empaties te wees – hier word verskeie kommunikasie-vaardighede aangeleer soos om te eggo, hoe om kinders se emosies te erken, refleksiewe luister;*
- *positiewe geloofwaardige terugvoer;*
- *nie-bedreigende kommunikasie;*

vervolg op bl 2...

- *ek-boodskappe;* *...vervolg vanaf bl 1*
- *dissipline en*
- *hoe om 'n huisvergadering in te rig.*

Die kursus het die potensiaal om jou te help om net een keer met jou kinders te praat, minder bakleiery te hê; beter kommunikasie te hê (ook met tieners) en ja, ook vir die huwelik te help! Meer as 1000 egpare is die afgelope 3 jaar deur die kursus, en die getuienis is oorweldigend..

Lofsentrum om 19h00
26 Februarie
5 Maart
12 Maart

Koste: Dra by soos jy gelei word. Die fondse gaan gebruik word om ons sprekers van elders se kostes te dek. Inskrywings op die lys in die voorportaal of Infodesk of stuur 'n epos na: admingbaai@absamail.co.za

Gebedslys

Hospitaal:

Corlia Coetzer	Devonweg 13	S7 Helderberg Hospitaal
Adri Weilbach	Disa Gardens 51	S8 Busamed

Siekes Tuis:

Kobus Hartman	Somerset-Wes	S1
Ronelle Greyling	66 On Fairway Nr 38	S9

Kalender

Die Kalender is beskikbaar op ons ***webwerf, D6 communicator*** *of vra aan by die* ***kerkkantoor****.*
Stuur 'n epos na admingbaai@absamail.co.za om dit per epos te ontvang, of besoek die Kerkkantoor vir 'n gedrukte kopie @ R10.

Die huidige maand en die volgende maand se bladsy is opgesit in die konsistorie as jul daar wil sien wat gedurende die twee maande in die gemeente gebeur. Hou die aankondigings dop vir wysigings.

Ma 11 Feb	Narcotics Anonymous (Kusweg)	19h00
Di 12 Feb	Koor (Kusweg)	18h00
Wo 13 Feb	Voornemende Lidmaat byeenkoms (Kusweg)	18h30
	Hawelose Bediening (Kusweg)	18h00
	GIG Musiekoefening (Lofsentrum)	18h30
Do 14 Feb	Gordonsbaai Uitreik (Kusweg)	19h00
	Familiediens Musiekoefening (Lofsentrum)	18h30
Ma 18 Feb	Narcotics Anonymous (Kusweg)	19h00
Di 19 Feb	Koor (Kusweg)	18h00
	Kleingroepe Diensgroep (Kusweg)	19h00
Wo 20 Feb	Doopgesprek (Kusweg)	18h30
	Hawelose Bediening (Kusweg)	18h00
	GIG Musiekoefening (Lofsentrum)	18h30
Don 21 Feb	Familiediens Musiekoefening (Lofsentrum)	18h30
Ma 25 Feb	Narcotics Anonymous (Kusweg)	19h00
Di 26 Feb	Koor (Kusweg)	18h00
	FBO diensgroep (Kusweg)	19h00
Wo 27 Feb	Hawelose Bediening (Kusweg)	18h00
	GIG Musiekoefening (Lofsentrum)	18h30
Do 28 Feb	Familiediens Musiekoefening (Lofsentrum)	18h30

NUWE AVONTURE IN DISSIPELWEES
Om deel te wees van ons omgeegroepe is 'n nuwe avontuur IN DISSIPEL WEES. Elke keer ontdek ons saam in God se Woord, en in mekaar, hoe om Jesus meer te volg. Sluit aan by ons omgeegroepe om dit te BELEEF. Skakel die kerkkantoor: 021- 856- 1654 of stuur 'n epos aan **admingbaai@absamail.co.za**

Kusweg Lofsentrum
NG GEMEENTE GORDONSBAAI

Uitreik Diensgroepe

Die **Barmhartigheid en Getuienis** Diensgroep is op soek na 'n skenking vir 2 motorbande, grootte

175/14. Skakel ons Maatskaplike Werker, Margareth Knipe, indien jy kan help.

021 -856- 2472 of maatskaplikngk@gmail.com

GEBEDSBEDIENING EN GEESTELIKE BEGELEIDING DIENSGROEP

As jy 'n passie vir gebed het, het ons jou baie nodig om saam te kom bid vir ons gemeente, die groei van ons geestelike lewens en ook enige ander saak wat ons familie, vriende, dorp en land raak. Gebed is die hartklop van elke suksesvolle gemeente.

Alle belangstellendes kan Karin van der Westhuizen kontak by 079- 387- 8548

Die **Hulpbronne en Administrasie Diensgroep** wil mense uitnooi om by hulle aan te sluit. Daar is 4 vergaderings per jaar gedurende die dag. Vir meer inligting, of om aan te sluit, skakel vir Wouter le Roux by 073-560-3809 of epos lerouxiw@gmail.com

Die **Barmhartigheids en Getuienis Diensgroep** wil graag jonger lidmate uitnooi om ook by hulle aan te sluit. Kontak Margareth Knipe indien jy belangstel 021-856-2472 of maatskaplikngk@gmail.com

Omgeegroepe:

Gee asb alle inligting van veranderings in julle groepe deur aan
Riaan van Niekerk - aavnrazor@live.co.za of
Amanda van Wyk - amandavanwyk@mweb.co.za

Inligting

NUWE INTREKKERS

Daar is aanmeldingsvorms in die voorportaal by Kusweg Kerk en by die Infodesk by die Lofsentrum geplaas.

Vul asb. jou naam op die lys in, indien jy 'n nuwe intrekker is wat graag by ons gemeente wil inskakel. Ons sal jou kontak met die relevante informasie.

LOFBEDIENINGS / FAMILIE BESTUURSGROEP

Vir enige navrae of opmerkings oor die eredienste en/of formaat, kontak asseblief vir Wynand du Plessis by 072- 940- 5144 of wynand@develec.com

NUWE LIDMATE

Alle nuwe lidmate wat by ons wil inskakel, word hartlik uitgenooi na die byeenkoms vir voornemende lidmate. Die leraars wil u graag daar ontmoet, verwelkom en bekendstel aan alles wat ons gemeente bied en waarby julle kan inskakel. Gegewens om u lidmaat-sertifikate aan te vra, moet ook by hierdie geleentheid ingevul word.
Die volgende byeenkoms vind plaas by die Kusweg Kerkgebou om 18h30 op **13 Februarie 2019**

DOOP

Die volgende Doopgesprek is op Woensdag, **20 Februarie 2019** om 18:30 in die konsistorie (Kusweg Kerkgebou). Voornemende doopouers moet vooraf die Doopvorms by die Kerkkantoor kry en BYWONING BESPREEK asook die vorm INHANDIG voordat jy die byeenkoms kan bywoon. Altwee ouers moet die gesprek bywoon asb.
Skakel 021- 856- 1654 of e-pos admingbaai@absamail.co.za

KOFFIEBEURT OF DIENSBEURT

By Info-desk by Lofsentrum:
Kontak Johan Botes by 081 -049- 8362 of die Kerkkantoor 021- 856- 1654

Die mat in die konsistorie (Kusweg) moet vervang word. Is daar enige lidmaat wat hiermee behulpsaam kan wees?

Het jy dalk 'n kontak vir goeie matte? Borgskap sal ook welkom wees. Kontak die Kerkkantoor indien jy behulpsaam kan wees – 021-856-1654 of admingbaai@absamail.co.za

Kusweg Lofsentrum
NG GEMEENTE GORDONSBAAI

Kontak Besonderhede

KERKKANTOOR
Kusweg 87 / Posbus 15
Gordonsbaai, 7151

Kantoorure
Maandag - Vrydag: 09h00-12h00

Nommer
021- 856- 1654 (Telefoon)
086- 561- 5002 (Faks - Sanette)
086- 561- 5007 (Faks - Annelie)

Epos
ngkgordonsbaai@absamail.co.za (*Sanette*)
admingbaai@absamail.co.za (Annelie)

Orrelis
Ronelle Hoogenhout : 083- 474- 8123

Koster (elke tweede Woens. af)
Ruben van Wyk : 021- 856- 1654
Woensdag 13 Feb – AAN DIENS
Woensdag 20 Feb – AF

PREDIKANTE
Streekindeling Predikante:
Vir pastorale versorging kan die predikante as volg gekontak word :

Dr. Jannie le Roux:
Streke 1, 2, 3, 4 & 8
Ds. Melissa Ellis :
Streke 5, 6, 7 & 9
Summervale word deur beide predikante gedeel.

Dr. Jannie le Roux
072- 127- 5043
jgleroux@isales.co.za

Ds. Melissa Ellis
021- 856- 2683 / 066- 220 -7498
ellis.melissa94@gmail.com

JEUGWERKER
Johan Botes
081- 049- 8362
sondagoggend@gmail.com

MAATSKAPLIKE WERKER
Margareth Knipe
021- 856- 2472
maatskaplikngk@gmail.com
Kantoor tye - Maandag, Woensdag & Vrydag. Skakel vir 'n afspraak of laat 'n boodskap.

NOODNOMMER
Na-ure slegs vir krisisse en onmiddellike ondersteuning

072- 282- 1742

BANKBESONDERHEDE

Rekeningnaam: *NG Kerk Gordonsbaai*
Bank: *ABSA*
Nommer: *420 580 010 (Tjek)*
Takkode: *334312 (Strand)*
Voorletter(s), van of waarvoor (projek-naam / dankoffer)

MOTORWAGTE

Ons motorwagte is deur die SAPD goedgekeur en dra 'bibs' wat gemerk is **NG Kerk Gordonsbaai.** Ons wil 'n ernstige beroep doen dat gemeentelede nie geld aan die wagte sal gee nie, maar om wel geld in die gemerkte houers te plaas wat in die portaal en konsistorie geplaas is. Hierdie geld sal dan Sondae verdeel word en aan hulle oorhandig word. Dit is fooitjies wat aan hulle uitgedeel word en nie vergoeding of salaris nie.

Een in liefde, een van hart, een in strewe... ALMAL welkom!

Kusweg 87 / Posbus 15, Gordonsbaai 7151
Tel: 021- 856- 1654 | Webwerf: www.ngkerkgordonsbaai.co.za